NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 15 MEI 2022

VYFDE SONDAG IN PAASTYD

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK
BASAAR 2022

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK
Openbaring 21:10 en 22–22:5; Psalm 67
Handelinge 16:9-15; Johannes 14:23-29

SONDAG, 15 MEI	
09:30	Oggenddiens NAGMAAL Deuroffer: Senior Sentrum Erediensspan 1 – Chris van Niekerk & 2 – Lorraine Louw
09:30	Kleuterkerk
09:30	Kinderkerk
Geen	Aanddiens
18:00	Senior kategese
MAANDAG, 16 MEI	
18:30	Kooroefening
19:00	Sportmanne Bybelstudie
19:00	Vroue Bybelstudie
DINSDAG, 17 MEI	
09:30	Senior Burger Bybelstudie
WOENSDAG, 18 MEI	
09:30	Vroue Bybelstudie
18:00	Vrouelidmate Kommissie vergadering
19:00	Huweliksverryking – Date Night in De Eike

DONDERDAG, 19 MEI	
09:30	Kuilsrivier Dienssentrum – Line Dancing - Moedergemeente Sopbeurte: Juanita Horn, Mari Bothma, Ronel le Grange, Roezan Lewis, Tillie van Tonder, Lyta van Wyk
18:00	Gemeentebedieningskommissie & Blokleiers vergadering in konsistorie
VRYDAG, 20 MEI	
09:00	Gebedsbyeenkoms in Moederskamer – Almal welkom
SATERDAG, 21 MEI	
SONDAG, 22 MEI	
	SESDE SONDAG IN PAASTYD POSDAG
09:30	Oggenddiens – Ds André van Wyk Deuroffer: Jan Kriel Instituut Erediensspan 3 – Elsa Welman
09:30	Kleuterkerk
09:30	Kinderkerk
Geen	Aanddiens
18:00	Senior kategese

GEMEENTENUUS

1. Lettie Saayman (Klaradyn) is in die hospitaal.
2. Riaan van Zyl (Graylingstraat) se pa is oorlede.
3. Ben Nothnagel (Othello) is in die ouderdom van 97 oorlede. Hy was ons oudste lidmaat.
4. Gawie Greeff (Van Aardestraat) is tans in die hospitaal.
5. Dit gaan steeds nie goed met Marieta Oosthuizen in Louis Leipoldt Hospitaal nie

VAN ALLES EN NOG WAT

1. Kom ondersteun die Jeugkommissie deur **koffie** by die kerkkantoor te koop teen R65 per pakkie. Verskeidenheid geure beskikbaar in bone en gemaal.

OPNEEM VAN OFFERS

Offergawes word steeds net by die deure opgeneem aan die einde van die diens.

Jou bydrae vir die gemeente (voorheen opgeneem as bankkollekte) kan jy in die mandjies plaas.

Jou bydrae vir die sinodale instansie (soos aangedui op die aankondiginge) kan jy in die koevert plaas wat in die banke verskaf is. Gooi dié koevert dan ook in die mandjie.

VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

SENIOR SENTRUM, KUILSRIVIER

Die Dienssentrum vir Seniors, Kuilsrivier, is 'n program van BADISA en het ten doel om die Senior Burgers te bemagtig om solank as moontlik onafhanklik in sy eie woonplek te funksioneer. 'n Wye spektrum van programme word aangebied (lesings, gesondheidsopvoeding, kulturele en musiek programme, grappies) om die bestuur van veroudering 'n opwindende ervaring te maak en met omgee mekaar se lief en leed te deel.
Hulle vergader elke Donderdag vanaf 09:30 tot 11:15 in die kerksaal van Moedergemeente. Almal bo 60 jaar word uitgenooi om aan te sluit.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

15/05 Wian van Wyk, Len Barnard, Johan Beukes, Judy Dippenaar
16/05 Niel Matthee, Mandie Volschenk, Pieter Combrinck(82), Engela Bleeker, Margaret Pitt
17/05 Morné Roelofse, Matie MacArthur, Karien Maré, Rina Davies
18/05 Anél Clark, Kotie Geldenhuys, Hanro van Huyssteen, Daclan Jefthas
19/05 Marie Coetzee, Marietha Geldenhuys, Jacques Schreuder, Marianna Theron
20/05 Francois Cillié, Petrus Wilders, Marinda Roberg, Nina Wassung, Fanie van Wyk, Johan Smuts, Dylan Papas
21/05 Tertia de Wet, Frederik Stapelberg, Romeene Buhr

HEMELVAARTDIENSTE

Ons vier Hemelvaart by **Moedergemeente** op Donderdag 26 Mei 2022.

Die volgende dienste sal dié dag gehou word:
13:15 Etensuur-byeenkoms: Ds Emile Blommaert (leraar van Digtebij-gemeente)
19:00 Ds Helené Fouché (leraar van Kuilsrivier gemeente)

BASAAR – 28 MEI 2022

- Ek wil jou herinner aan ons basaar op **Saterdag 28 Mei 2022**. Nooi asseblief soveel moontlik van jou familie, bure en vriende uit om na ons basaar te kom. Die basaar begin om 09:00. Elke Sondag is daar **"'n lusmaker"** op ons aankondiginge om jou vroegtydig lus te maak vir die basaar!
- Vanjaar het ons 'n kuiertent waar jy lekker rustig 'n koppie tee, koffie of 'n koeldrank kan kom geniet. Die tent sal op die gras parkeerterrein wees. Alhoewel die ander tafels se verkope eers stiptelik om 09:00 begin, kan jy reeds vanaf 08:00 in die kuiertent kom kuier.
- Die lyste met beloftes vir die basaar is deur die blokleiers en dienswerkers by die kerkkantoor ingehandig. **Baie dankie** aan almal wat aangedui het dat hulle produkte, bestanddele en/of kontant sal gee. Die name is aan die onderskeie konvenors gegee en hulle sal almal eersdaags kontak.
- Daar is egter **baie min gebakte produkte**. Indien jy dus enigsins jou weg oop sien om iets te bak sal dit baie welkom wees. Ons benodig veral Brood & Beskuit, klein koekies, grootkoeke en terte (soet en sout). Kontak gerus die kerkkantoor wat jou naam sal deurgee aan die betrokke konvenor.
- Die volgende **tafels benodig hulp** die oggend van die basaar – Naaldwerk en Materiaal, Grootkoeke, Groente, Beskuit en Worsjorsies – kontak kerkkantoor.
- **Bestanddele** - beloofde bestanddele moet asseblief teen **Woensdag 18 Mei** by die kerkkantoor wees sodat dit na die konvenors en bakkers versprei kan word. Indien jy dit nie gedurende kantoorure by die kerkkantoor kan afgee nie, kontak hulle gerus om 'n reëling te tref.021 903 3818
- Indien jy graag nog bestanddele wil skenk en wonder wat om te gee, ons benodig veral nog van die volgende: **Margarien (vir bak en vir smeer), kondensmelk, mayonnaise, kookolie, eiers (SOMMER BAIE !!), vla, langlewe melk, papier handdoekrolle, bakpoeier**
- Ons benodig nog koeldranke om te verkoop in die kuiertent. Indien jy graag koeldrank wil skenk, kontak gerus vir Mattheus by 0842260447 of die kerkkantoor.

Johan Morkel (Hoof Konvenor)
083 398 8435

BASAAR LUSMAKER

Springkasteel!!!!

Bring die kinders en kleinkinders om lekker te kom speel op die springkasteel. Ure se pret vir hulle.

Kerrie en rys

Kan jy glo, kerrie en rys vir vanjaar se basaar. Die nimmereinde Martie Joubert van Othello en haar span sal julle bederf met die smaaklikste kerrie en rys van wel eer, verseker die beste in die weste!
Julle sal nie spyt wees nie, behalwe dat julle dalk te laat kan wees omrede alles uitverkoop sal wees. Spyt kom mos altyd te laat.
Voor af bestellings kan geplaas word vir gevriesde bakkies.

Skakel asb vir:
Martie by 021 9821358
André by 082 469 1717
Mariette by 082 561 6662

Sien julle daar by De Eike se basaar.

Pannekoek

'n Basaar is nie 'n basaar as daar nie pannekoek is nie.

Kry jou vars gebakte pannekoek in die voorportaal
EN
die 28ste is 'n basaar!!!!!!!!!

Mooi dag
Louisa

Poeding

Hoor julle dit?
Die poedingtafel roep julle al.
Wat is 'n basaar sonder poeding?
Al die ou gunstelinge is terug.

Lekker dag
Esther

Plante

Kom ondersteun vir Elba en Maranda by die plante tafel. Daar is plante vir buite sowel as binne teen bekostigbare pryse. Kry ook tuin geskenkies om die tuin te verfraai. Enige skenkings van plante, potte of stompe sal nog waardeer word.

Kontak: Maranda
082 375 5453

NUUS VANUIT DIE FONDSE KOMMISSIE

Terwyl ons opgewonde uitsien na die Basaar, gee ek graag terugvoer rakende afgelope 3 maande se syfers:

	Februarie 2022	Maart 2022	April 2022
Maandelikse dankoffers	162 550	188 385	215 400
Totale inkomste	242 029	256 701	330 464
Totale uitgawes	378 196	340 914	294 023
Surplus / (Tekort)	(136 167)	(84 213)	36 441

Die positiewe syfers van die laaste paar maande van die 2021/22-boekjaar (wat einde Februarie geëindig het) en vroeë aanduidings dat ons die jaar met ‘n surplus sal afsluit, het ons in staat gestel om die 50% van ons personeelbonusse wat ons in November-maand teruggehou het, in Februarie uit te betaal. Ons is verskriklik dankbaar dat ons in ‘n posisie was om dit wel te kon doen. Die bonusuitbetaling het die hoër as normaal totale uitgawe-syfer in Februarie tot gevolg gehad. Terselfdertyd was Februarie se maandelikse dankoffers die laagste van die afgelope finansiële jaar, wat gelei het tot die groot maandelikse tekort. Ten spyte daarvan het ons steeds die jaar met ‘n surplus afgesluit. Ons staan in dankbare verwondering oor God se seën in ons gemeente. In vergelyking met Februarie se syfers, is April se syfers meer gerusstellend, met maandelikse dankoffers wat heelwat hoër was en finansiële bydraes vir die Basaar wat reeds ontvang is.

Groete tot volgende maand,
Elmari

PREEKSKETS

TEMA – GAAN DOEN WAT SAAK MAAK, DIS MAKLIK : HERINNER, VERRAS, GEROEP, INSPIREER

Prediker: Ds Chris Barnardo

Skriflesing: Openbaring 21: 1-8

1. **'n Dubbele Herinnering.** Van die vroegste tye af kom Christene weekliks bymekaar sodat hulle hoop en verwagting lewend gehou kan word. By hierdie samekomste staan die Bybel sentraal en word ons daaraan herinner dat Jesus, die gekruisigde en opgestane Here is. So ook word ons herinner aan die nuwe hemel en die nuwe aarde wat na ons op pad is. Ongelukkig kan dit gebeur dat hierdie samekomste net 'n goeie gewoonte word vir sommige Christene. Dit word samekomste waar skuldgevoelens gesus word en waar vriende mekaar raakloop en heerlik na die diens by die motors gesels tot 'n volgende keer. Ai dit is lekker by die kerk en dit is so lekker om mekaar te sien en na die diens te kuier. .....En skielik word die mat onder Christene se voete uitgeruk. Ons kry die verrassing van die lewe!

2. **Verras.** Sonder genoeg vooraf waarskuwing word hierdie weeklikse samekomste uit ons lewens verban. Die kerkgebou staan week in en week uit dolleeg agter slot en grendel. Op 'n vreemde manier het die grendeltyd-eredienste die nabyheid van die hemel in ons lewe en ons huise ingedra. Dalk het die grendeltyd-eredienste ons gehelp om 'n brug te sien tussen dit wat in ons liturgiese ruimtes en ons gewone, daaglikse lewe gebeur. Die woonplek van God is immers nou by die mense. Die Here is oral teenwoordig. Ons is die kerk en ons moet hiervandaan gaan en waarlik kerk wees. Ons word herinner dat ons geroep word om 'n stukkie hemel na mense te neem.

3. **Geroep.** Kerk gebeur nie net in hierdie gebou nie. Ons is geroep om 'n stukkie hemel na mense toe te neem sodat hulle ook inspireer kan word. Die nuwe hemel en die nuwe aarde is op hande en dit inspireer my.

4. **Inspireer.** Die nuwe hemel en nuwe aarde is 'n werklikheid. God beloof ons dat dit gaan gebeur (vers 6). Moenie daaroor twyfel nie. En nog meer, God gaan tussen ons bly. Geen kerk of kapel sal sy woonplek wees nie. God is tussen sy mense. Dit is God wat die trane sal afdroog. En dit is nie 'n vae leë belofte nie. Dit is werklik waar! God self belowe dit en as jy nie hierdeur inspireer word nie is daar fout.

5. **Slot.** Wanneer ons kerk toe gaan – wat ons nie moet ophou doen nie – is dit om onsself opnuut te verbind aan die Een wat op die troon sit sodat ons elke dag sal leef soos mense wat weet aan wie ons behoort. En wanneer ons die broodjie en die wyn in ons hande neem word ons herinner aan Sy liggaam wat gebreek, en SY bloed wat gevloei het ter wille van ons, sodat ons deel sal kan hê aan die nuwe hemel en die nuwe aarde wanneer God tussen ons kom woon.